Hasie Kwassie

GRAAD R & GRAAD RR

Laerskool VAN RIEBEECKPARK Primary

DOELGERIG

Kwetter Letter

NOMMER 26 VAN 2021 : 26/08/2021

= Lees asseblief alle inligting =

1. PERSONEEL BOODSKAP

Praat oor moeilike kwessies en lê die reëls duidelik neer

Daar moet **duidelike grense** wees sodat kinders kan weet hul Ma en Pa stem 100% oor sekere dinge saam. Julle sal nie altyd oor alles saamstem nie. So, besluit om in sekere areas die ouerskap-landskap te onderverdeel. Ma is byvoorbeeld die primêre besluitnemer oor sakgeld en eetgoed, terwyl Pa oor internettoegang en oorslaap besluit. Die ander ouer is dan net die sekondêre besluitnemer in daardie area. Die kinders kan dus nie hul ouers teen mekaar afspeel nie, want partykeer gaan Ma nee sê en ander kere weer Pa. Besluit ook om nie voor die kinders te verskil nie en neem groot besluite saam. Plak dit op die yskas sodat die kinders goed kan weet: "Oor die volgende dinge besluit Ma en Pa saam – Geen onderhandeling".

Bou jou gesagstyl op dít wat jy glo goed en reg is. Praat met mekaar hieroor. So sal jy jou kind voorberei om die wêreld vierkantig in die oë te kan kyk, deur julle ouerskap en die manier waarop julle dissipline toepas.

Voelgoed.co.za - Junie 2015

SKOOL-URE

Arriveer : 06:45 – 07:15

Verdaag : 12:30

- Covid-vorms word op 'n Maandag uitgegee en moet die Dinsdag terug wees by die skool.

2. Verjaarsdae

- Baie geluk aan ons maatjies wat in SEPTEMBER verjaar! Geniet 'n dag propvol pret!

  NB: Ons weet verjaardae is baie spesiaal, maar ons kan ongelukkig geen verjaardagpakkies, "cupcakes" of enige versnapperinge by die skool toelaat in die tydperk van Covid nie.

Juffrou Lynette	:	Abigail 14/09 ; Linay 29/09
Juffrou Cathy	:	-
Juffrou Anke	:	Janieck 02/09 ; Christian 23/09 ; Ashlynn 30/09
Juffrou Sonja	:	Tasmiyah 05/09 ; Rayden 07/09 ; Mashaka 08/09 ; Nyasha 08/09 Sakhile 23/09 ; Chloe 30/09

3. Buitemuurse aktiwiteite

Maandag	-	Playball ; Drama ; Ballet
Dinsdag	-	Gholf ; Swem
Woensdag	-	Netbal ; Rugby Akademie - (**Onthou tekkies**)
Donderdag	-	Swem ; Tennis - (**Onthou tekkies**)
Vrydag	-	Dance Mouse

Playball	Debbie 082 440 4708	Gholf	Jonathan 074 369 0253
Swem	Ellen 082 920 8747	Ballet	Karlien 083 297 5714
Netbal & Rugby Akademie	Venessa 083 660 4707 Dawid 081 575 2682	Tennis	Diaan 071 895 1619
Dance Mouse	Elden 078 998 3688	Drama	Lydia 073 829 0593

*** KONTAK ASSEBLIEF DIE BETROKKE AFRIGTERS DIREK INDIEN U ENIGE NAVRAE HET**.

4. Tema vir die week

30/08/2021 – 03/09/2021

VRUGTE



5. Opvoedkundig

5.1 SKOOLRËELS

- Geen speelgoed mag skool toe kom nie.
- **Wees betyds. U kind ontwrig die klas as hy/sy laat is.**
- Gebruik altyd jou Hasie Kwassie tas.
- Ons baklei nie, ons speel saam.
- Wees lojaal! Vertel alles wat jy leer!
- Ons gooi nie sand nie.
- Ons maak beurte en gee almal ‘n kans.
- Ons eet met ‘n toe mond en mors nie.
- Gedrag onberispelik.
- Luister.
- Bly stil wanneer ons moet.
- Pla nie ander leerders nie.
- Hasie Kwassie beursie, Vrydag om jou nek.
- Onthou jou nuuslêer op Vrydae.
- **Alle gelde in ‘n GEMERKTE KOEVERT.**

5.2 LINKS EN REGS

- Maak leerder bewus van links en regs.
- Bind toutjie om kind se regter pols. (Iets funksioneel wat nie maklik verloor nie).
- Laat kind met toutjie of lintjie skool toe kom.
- Kom ons leer so speel-speel saam.

5.3 LUISTERVAARDIGHEDE

- Luistervaardighede is belangrik.
- Lees ‘n storie en laat u kind dit oorvertel.
- Speel luisterspeletjies soos byvoorbeeld: Herhaal vyf nommers (nie in volgorde), noem vyf voorwerpe, kleure, diere, ensovoorts, terwyl die kleuter luister en dit herhaal. Hierdie is ‘n interessante manier om u kind besig te hou terwyl u in die motor is.

5.4 ONS LEER LETTERS SKRYF

- Die korrekte skryfwyse is uiters belangrik.
- Begin by die kolletjie, kyk na die pyltjie en volg die rigting van die pyltjie.
- *Sien harde kopie bylaag wat u kind saam met die nuusbrief ontvang - Letters “a”, “b” , “c” & “d” .*

5.5 VORDERING VAN ELKE LEERDER

- Werkstempo is nou vinniger.
- Standaard van werk is nou moeiliker op alle vlakke.
- Gedrag van leerlinge, binne en buite die klaskamer, is van kardinale belang.
- Ouers, ondersteun ons asseblief.

5.6 KREATIEWE WERK

- Ons bou ‘n vervoermiddel op 3 September 2021. Kies enige vervoermiddel.
- Beplan tuis hoe jy dit gaan bou. (Ouers, maak dit pret en werk saam met jou kind).
- Indien jy sou wou verf, verf die verskillende dele tuis asseblief.
- Bring al die dele saam skool toe om te plak, in te druk, vas te maak, ensovoorts... !
- Plaas in ‘n sakkie met kind se naam op.
- Items moet voor/op 2 September 2021 by skool wees.
- Die finale produk word by die skool gedoen.

5.7 KUNSWEDSTRYD

- Baie geluk aan al die Kunswedstryd deelnemers wat reeds opgetree het. Ons is baie trots op julle!
- Baie sterkte aan die Hasie Kwassie maats wat nog aan die Kunswedstryd gaan deelneem.
- Individueel- en Spreekkoor datums is reeds aan die betrokke leerders se ouers gekommunikeer.
- Alle kommunikasie vind plaas deur die afrigter.

5.8 AFWESIGHEDE

- **BELANGRIK**: Ons is besig met assessering – Leerders moet by die skool wees.

6. Algemeen

6.1 BELANGRIKE DATUMS

Teken asseblief die volgende belangrike datums in u dagboek aan :

Donderdae	**Nuusboek**
Vrydae	**Nuusboek terug**
02 September	Gradeplegtigheid Foto’s
03 September	Lentedag / Loslitdag
17 September	Gholfdag
22 September	Kaskardag
24 September	Erfenisdag

- *Verdere datums en inligting vir die res van die kwartaal sal bygevoeg word in lyn met die aangepaste skoolkalender.*

6.2 KONTAK SKOOL

- Indien ‘n Hasie Kwassie personeellid gekontak moet word, skakel asseblief tussen **10:30 en 11:00** en vra om met u kind se Juffrou te praat.

6.3 T-HEMDE & DRYMAC’S, ASOOK HASIE KWASSIE TASSE TE KOOP

- Hasie Kwassie T-hemde beskikbaar @ R100-00 elk.
- DryMac’s beskikbaar @ R200-00 elk.
- Tasse @ R50-00 elk.

6.4 GRADEPLEGTIGHEID FOTO’S

- Gradeplegtigheid foto’s word op 2 September 2021, gedurende skoolure geneem.
- Die koste beloop R70-00 vir die pakket, betaalbaar voor of op 1 September 2021.
- Leerders moet netjies wees met skoon gesiggies.
- Hare moet skoon en netjies wees.
- Leerders kom geklee in hul Hasie Kwassie klere op die dag. Asseblief geen hoë kraag of polo-nek hemde wat sal wys nie.
- Gradeplegtigheid toga sal vir die fotosessie voorsien word.
- Geen ouers teenwoordig.

6.5 LENTEDAG & LOSLITDAG: 3 SEPTEMBER 2021

- Ons vier **LENTEDAG** en **LOSLITDAG** hier by die skool op Vrydag, 3 September 2021.

Ons nooi al ons Hasie Kwassie leerders om ook deel te wees van Lostlitdag! Leerders kan R20-00 by hul klasonderwyser inbetaal en dan hul plakker ontvang. (Stuur asseblief die R20-00 in ‘n koevert met u kind se Naam en Van en Loslitdag voorop geskryf).

Hierdie jaar se tema is **“Moed en Vriendelikheid”**. Ons vra asseblief dat leerders, indien moontlik, iets pers sal aantrek. Leerders kan ook ‘n snaakse, prettige, *“funky”* hoed maak en pers op die hoed inbring. Wees kreatief en beeld die tema sommer op jou hoed uit !

Kom ons Riebies maak ‘n verskil in ons gemeenskap en wees die verandering wat ons in die wêreld wil sien.

Alle fondse wat ingesamel word, sal tussen Casa Caritas en Con Amore gedeel word.

6.6 GHOLFDAG: 17 SEPTEMBER 2021

- Ons Gholfdag vind plaas op 17 September 2021.
- Baie dankie aan elke ouer wat reeds bygedra het tot ons Gholfdag.
- Ons benodig steeds die volgende:
  - **Aartappel skyfies en grondbootjies vir die verversings by ons putjie.**
  - **Ouer-hulp vir die bemanning van ons putjie op die dag.**
    Stuur asseblief dringend ‘n e-pos aan anke@riebie.co.za indien u kan help.
- Enige ander bydraes of borge is baie welkom en sal waardeer word.
- Die klas-kompetisie van wie die meeste borge insamel per klas, is verleng. Die wenklas sal in die nuusbrief van 9 September 2021 aangekondig word.

6.7 KASKARDAG: 22 SEPTEMBER 2021

- Hasie Kwassie se Gr R & Gr RR leerders is deel van die **Kaskardag** op 22 September 2021.
- Ons vra dat ouers leerders sal aantrek volgens ons **Tema**, soos hieronder:

TEMA: HASE

Dogters
2 Poniesterte met wit linte.
Enige kleur krale om die nek.
Wit T-hemp & gemaklike broek.
Wit kouse.

Seuns
Hare, netjies.
Wit T-hemp & gemaklike broek.
Das/Strikdas.
Wit kouse.

- Elke juffrou sal op haar WhatsApp-groep ‘n foto deel van ‘n geverfde haas-gesig. Ons vra dat ouers asseblief u kind sal opmaak soos op die prent met gesigverf. Verf ook u kind se masker met ‘n neus en snorbaarde.

- Ouers wees asseblief bewus dat kinders met hul kouse sal deelneem. (Die wit kouse sal ons haaspote verteenwoordig.

- Indien ouers nog borgvorms wil hê moet u dit aanvra by u kind se klasonderwyseres. Stuur asseblief ‘n briefie saam met u kind skooltoe.

- Ons gaan ‘n optog hê na die wedren toe, en sal u samewerking waardeer om al ons leerders soos “Hasies” te laat lyk! Die Hasie Kwassie personeel sal ook aan elke Hasie Kwassie leerder “haas-ore” gee.

- Kom ons maak dit pret vir al die Hasies!

6.8 GRAAD R - 2022

Graad R – inskrywings is gesluit en plasings afgehandel. Ons is reeds baie opgewonde vir 2022! Ouers sal voor/teen die begin van die 4de kwartaal inligting ontvang rakende die Ken-my-Juffrou geleentheid waartydens alle nodige inligting vir 2022 met ouers gedeel sal word.

Vir enige navrae met betrekking tot Gr R aansoeke, stuur asseblief 'n e-pos na naomi@riebie.co.za.

6.9 GRAAD 1 - 2022

Soos reeds gekommunikeer, is die datum vir die aanlyn aansoeke soos volg:

Graad 1 - 2022 aanlyn aansoeke open om 08:00 op 13 September 2021, en sluit op 8 Oktober 2021. Ouers moet asseblief so gou moontlik aansoek doen nadat die aansoeke open. Ouers doen ingevolge departementele riglyne by www.gdeadmissions.gov.za **AANLYN** aansoek.

Hou asseblief die skool se nuusbriewe en d6 dop vir enige verdere inligting in die verband.

Die volgende dokumente moet op die aanlyn stelsel gelaai word, of na elke skool gestuur word waarvoor u aansoek doen:

- **Gesertifiseerde** afskrif van kind se **Onverkorte (Unabridged) Geboortesertifikaat**.
- Afskrif van **Immuniseringskaart/rekord**.
- **Gesertifiseerde** afskrifte van **beide** ouers se **ID dokumente**.
- **Bewys van adres**, nie ouer as 3 maande nie (W&L rekening in ouer se naam, of amptelike huurooreenkoms op agentskap briefhoof, in die ouer se naam).
- Indien u nie die biologiese ouers is nie, dokumente wat u wettige voogskap bevestig.

Die skool is huidiglik besig om deur stawende dokumente te werk wat ouers reeds ingehandig het, en sal binnekort met ouers kommunikeer rakende enige moontlike uitstaande stawende dokumente.

7. Finansies

SKOOLGELDE VIR HASIE KWASSIE BELOOP R1530-00 per maand,
VOORUITBETAALBAAR VIR 12 MAANDE.

BANKBESONDERHEDE

Naam	:	LAERSKOOL VAN RIEBEECKPARK
Bank	:	FNB (TJEK REKENING)
Takkode	:	205609
Reknommer	:	62749134243
Verwysing	:	Gr R + Kind se naam & van

- Kontak Me Liesl van Straaten in die finansiële kantoor vir enige navrae.

8. Wagklas

30 Augustus 2021 – 2 September 2021

Lokaal: Juffrou Sonja

WAGKLAS 12:30 – 14:00

(Wagklas roteer van klas tot klas, op ‘n weeklikse basis. Wagklas is slegs vir leerders met ouer boeties en sussies in Laerskool van Riebeeckpark).

SNOEPIE : GEEN SNOEPIE MÔRE.

LYNETTE | SONJA | CATHY | ANKE | VERUSHKA